

BESKADIGDE KRAAKBEEN

Oorsig:

Die einde van bene wat die glenohumerale gewrig uitmaak is die glenoïed en die humerus kop. Die akromioklavikulêre gewrig word gevorm deur die klavikel en akromion proses en die elmbooggewrig deur die distale humerus, radiuskop en ulna se proksimale einde.

Gewrigsoppervlaktes word bedek met 'n ferm, gladde gewrigskraakbeen. Gesonde kraakbeen absorbeer skok en beskerm die onderliggende been en laat hulle toe om gladde beweging uit te voer met minimale wrywing. Skade aan kraakbeen kan aangerig word deur verskillende vorms van artritis maar ook as gevolg van trauma wat oor die gewrig plaasgevind het.

Oorsake:

Osteoartritis en rumatoïede artritis is van die toestande wat kraakbeen beskadig. Verder word kraakbeen beskadig as 'n direkte gevolg van trauma. Trauma kan ook 'n osteokondrale fraktuur veroorsaak wat 'n fraktuur is wat die onderliggende been betrek.

Hierdie vorme van trauma vind plaas gedurende kontak sport, ongelukke met verskeie voertuie of val van hoogtes. Die skokabsorberende vermoë van die kraakbeen word oorskrei en 'n skeur-tipe letsel van die kraakbeen vind plaas. Hierdie skade is gewoonlik tot 'n spesifieke area beperk terwyl artritiese tipe letsels meer wydverspreide skade veroorsaak.

Simptome:

Dit sluit in dowwe, aanhoudende pyn. Dit kan later akute pyn, gewrigstyfheid, swelling en beperkte omvang van beweging behels.

Klassifikasie:

Klassifikasies van kraakbeenskade word gebaseer op die graad van aantasting, die voorkoms van die kraakbeen sowel as die verspreiding van die aantasting van die kraakbeen.

Behandeling:

Behandeling vir nie-artritiese kraakbeenskade hang af van die area van besering, die grootte daarvan en die graad van besering. Pynverligting, rus en anti-inflammatoriese medikasie word gewoonlik gebruik. Chirurgiese gelykwerk van growwe letsels met loslaat van die gewrigskapsel word soms uitgevoer om simptome te beheer.

In gevorderde gevalle word die gewrigsoppervlakte verwyder met of sonder die vervanging daarvan deur 'n protese.